

Die verhewe priesterorde van Melgisedek (OP93)

Heb 7:1-10

24 Julie 2022

Ek wil vandag begin om te kyk na die feit dat die Seun van God Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek, soos wat dit in Hebreërs 7 beskryf word.

Kom ons kyk net vir 'n oomblik terug na wat ons onlangs in Hebreërs geleer het: In Heb 5:1-6 het ons geleer dat daar verskillende eienskappe is waaraan 'n hoëpriester moet voldoen. Ons het gesien hy moet 'n mens wees, hy moet ter wille van mense optree, hy moet gawes en offers bring om daardeur versoening vir sondes te bewerk, hy moet medelye het met die swakhede van die mense wat hy bedien, en hy moet deur God self geroep wees. Ons het ook gesien dat die Seun van God aan al hierdie vereistes voldoen het, en daarom kan Hy Hoëpriester wees.

In Heb 5:7-10 het ons geleer dat die Seun tydens Sy lewe hier op aarde gely het. Deur hierdie lyding het Hy geleer wat gehoorsaamheid is en sodoende het Hy volmaaktheid bereik en die Bron van ewige saligheid geword. Vers 10 het ons geleer Hy is deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

Vanaf Heb 5:11 tot 6:20 was daar 'n onderbreking in die bespreking van die Hoëpriesterskap van die Seun. Die rede hier voor was dat die Hebreërs so traag was om te leer, en dus eers aangespoor moes word om hulle toe te lê op ywer. Nadat die skrywer hulle dringend aangespoor en ook bemoedig het, keer hy nou terug na Seun se Hoëpriesterskap. In Heb 6:19-20 het hy die Seun beskryf as ons veilige en onbeweeglike lewensanker wat agter die voorhangsel, en dus in die hemel, vas is, waar Hy ingegaan het as ons Voorloper. In vers 20 het die skrywer weer herhaal Hy is Hoëpriester vir ewig volgens die orde van Melgisedek.

Heb 7:1 begin met die woord "Want" (sien (OAV)). Wat nou gaan volg is 'n verduideliking van wat die skrywer in hoofstuk 6:20 bedoel het toe hy gesê het Jesus is Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.

Kan ek ook nog die opmerking maak voor ons na die detail van die argument begin kyk: Onthou die agtergrond van die Hebreërs – hulle was Christengelowiges uit die Jodedom, wat begin wonder het of hulle nie moet terugkeer na hulle eertydse Joodse geloof toe nie. Priesterskap was 'n integrale deel van hulle Joodse geloof. Maar nou het die skrywer geredeneer dat die Seun van God die ware Hoëpriester is in die plek van die Joodse hoëpriester uit die nageslag van Aäron, en boonop het die skrywer nou al 'n paar keer die stelling gemaak dat die Seun Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek, en nie volgens die tipiese Levitiese priesterorde wat hulle mee bekend was nie. Die skrywer voorsien dat dit vir sy lesers vreemd mag klink – en daarom gaan hy nou voort om vir hulle die priesterorde van Melgisedek te verduidelik, en ook hoekom dit 'n meer verhewe priesterorde is as die Levitiese priesterorde.

Kom ons kyk hierna. Ons staan vandag stil by Heb 7:1-10. In hierdie verse word die verhevenheid van die priesterorde van Melgisedek verduidelik. Verse 1-3 verduidelik eerstens wie Melgisedek was, terwyl verse 4-10 beskryf hoekom hierdie priesterorde so verhewe is.

Wie was Melgisedek? (Heb 7:1-3)

Vers 1 leer dat Melgisedek koning was van Salem. Waar is Salem? In Ps 76:2-3 lees ons: "God het Hom in Juda bekend gemaak, Sy Naam is groot in Israel; Sy tuiste is in Salem, Sy woning op Sion". Salem en Sion is dus dieselfde plek. Ons weet ook dat Sion dikwels in die Bybel as sinoniem gebruik

word vir Jerusalem – Melgisedek was dus koning van Jerusalem. Dit is nuttig om te onthou hoe 'n belangrike rol Jerusalem later in die Bybelgeskiedenis sou speel – dit was van daar wat Dawid die grootste deel van sy koningskap geheers het, dit is daar wat die tempel deur Salomo gebou is, dit is daar wat die Seun van God gekruisig is, en as jy aanblaai na Openbaring dan word die gelowiges in die toekomstige bedeling beskryf met die term “die nuwe Jerusalem”. Soos Ps 76 sê: dit is God se tuiste.

Vers 1 sê ook dat Melgisedek priester was van God die Allerhoogste. Hy was dus deur God self aangestel. Hy het dus alreeds in die tyd van Abraham diens gedoen as priester – reeds lank voor Aäron, wat die eerste hoëpriester van die volk was. Wat ook verstommend is, is dat Melgisedek beide koning en priester was. Dit was ongekend in Israel. Hierdie twee rolle was altyd geskei. Sommige persone, soos Saul, Dawid en Salomo, was konings, terwyl ander persone, soos Aäron, Eleasar en Eli, hoëpriesters was. Dit wys alreeds iets van die uniekheid van Melgisedek. Ons weet ook dat dit natuurlik waar is van die Seun van God: Hy is ook die ware Koning én die ware Hoëpriester.

Lees Heb 7:1b-2a. Hier lees ons van die interaksie wat destyds plaasgevind het tussen Melgisedek en Abraham – dit is 'n verwysing na Gen 14:18-20. In Gen 14 handel dit oor 'n verskeidenheid Kanaänitiese konings wat teen mekaar oorlog gemaak het. Lot, Abraham se broerskind, het destyds in Sodom gewoon. Tydens die oorlog is Lot ook gevange geneem (Gen 14:12). Abraham, tesame met 318 van sy slawe, het egter daarin geslaag om Lot en die ander mense te bevry en ook al hulle besittings wat gebuit is, terug te kry (Gen 14:16). In verse 18-20 lees ons dat toe Abraham teruggekeer het van hierdie oorwinning, het Melgisedek vir hom kos en wyn gebring, en ook vir Abraham geseën. Lees die seën in verse 19-20. In ruil het Abraham toe 'n tiende van die buit vir Melgisedek gegee. En dit is al wat ons van Melgisedek leer in Genesis.

Die enigste ander plek in die Ou Testament waar ons van Melgisedek lees, is in Psalm 110, wat natuurlik 'n Messiaanse psalm is wat die Koningskap van die Seun van God beskryf. In vers 4 lees ons egter dat die Here 'n eed afgelê het dat hierdie Koning, die Seun van God, ook altyd Priester sal wees in die priesterorde van Melgisedek. Dit is al wat die Ou Testament ons leer van Melgisedek.

Kom ons keer terug na Heb 7. Vers 2b leer ons dat die naam “Melgisedek” beteken hy is koning van geregtigheid. Boonop beteken die feit dat hy “koning van Salem” was, hy is ook koning van vrede. Opsommend dus: Melgisedek is Priester van God die Allerhoogste, en ook Koning van geregtigheid, en ook Koning van vrede.

Vers 3a leer ons verder dat daar niks bekend is oor sy vader of moeder nie, ook nie oor sy geslagsregister nie, en ook nie oor die begin of einde van sy lewe nie. Die gedeelte word soms selfs vertaal dat sy lewe nie 'n begin of einde gehad het nie (kyk byvoorbeeld na die OAV). Daar is sekerlik niks hieroor in die Ou Testament opgeteken nie. Dit is opvallend vreemd in die boek Genesis – wat so vol geslagsregisters is.

Nodeloos om te sê is Melgisedek 'n ietwat misterieuse figuur. As dit nie was dat Hebreërs so 'n fokus op hom plaas nie, het baie min van ons ons waarskynlik gesteur aan daardie 3 verse in Gen 14. Daar was al baie spekulاسie wie Melgisedek nou werklik was:

- Sommiges het geredeneer hy was 'n engel – veral siende dat hy nie 'n vader of moeder gehad het nie, en ook nie 'n geslagsregister nie.
- Daar is selfs sommiges (bv Edgar Andrews) wat redeneer Melgisedek was 'n teofanie of 'n verskyning van die Seun van God self. Daar is meer sulke verskynings in die Ou Testament: Dink maar aan die Engel van God wat met Abraham gepraat het toe hy Isak moes offer

(Gen 22:15-17). Daar sê die Engel self Hy is God. Of dink aan daardie vierde persoon saam met Daniël se drie vriende in die brandende oond – Hy was iemand soos die Seun van God. Redes wat aangevoer word hoekom Melgisedek dalk 'n verskyning van Jesus self was, is dat beide Melgisedek en Jesus beide Priester en Koning was. Verder word geredeneer dat die feit dat Melgisedek se lewe nie 'n begin of einde gehad het nie, verwys na Jesus wat van ewigheid af en tot in ewigheid sal bestaan. Hebreërs leer ons mos Hy is priester vir ewig, soos Melgisedek. Daar is egter 'n bekommernis met hierdie redenasie: Ons het tog In Heb 5:1 geleer 'n hoëpriester moet 'n mens wees (want dit is mense wat gesondig het). Destyds toe Melgisedek geleef het in die tyd van Abraham, het die Seun nog nie mens geword nie, en dit is dus onwaarskynlik dat Hy toe as Priester hier op aarde sou verskyn.

- Ek skaar my eerder by mense soos Calvyn en Pink wat redeneer Melgisedek was 'n doodgewone mens. Maar hy is 'n mens wat 'n tipe was van die Seun – soos baie ander: bv. Moses of Dawid. Is dit nie wat vers 3 sê nie: Melgisedek is soos die Seun van God (NAV), gelykgestel aan die Seun (OAV), resembling the Son of God (ESV). Hy is nie die Seun van God nie, hy is soos die Seun van God, hy verteenwoordig die Seun, of is 'n tipe van die Seun. Hoe moet ons dit dan verstaan dat Melgisedek sonder vader of moeder was, sonder geslagsregister, sonder begin of einde van lewensdae? Kommentatore redeneer dat die Hebreërskrywer net die afwesigheid van enige van hierdie rekords gebruik om die feit dat Melgisedek 'n tipe is van die Seun te onderstreep. Hulle redenasie is dat die skrywer nie letterlik bedoel Melgisedek het nie ouers of begin/einde van dae gehad nie, die skrywer bedoel net die feit dat ons nie detail het hieroor nie, wys na die ooreenkoms met die Seun wat ook nie 'n begin of einde van dae het nie. Ek vind ook aanklank by Pink as hy hieroor redeneer: Hy sê hierdie stellings moet nie gesien word as 'n beskrywing van Melgisedek as mens nie, maar eerder van hom as priester en dan gesien in vergelyking van wat tipies waar was van Levitiese priesters: Hulle het nie hulle hele lewe gewy aan aktiewe priesterlike werk nie: 'n Priester het eers op 25 begin diens doen, aanvanklik in 'n ondersteunende rol, en vanaf ouderdom 30 in 'n volle hoedanigheid. Op ouderdom 50, het 'n priester afgetree. (Num 4 en 8). Daarteenoor was Melgisedek voortdurend priester. En netso is die Seun van God is vir ewig Hoëpriester. Verder, dink aan gedeeltes soos Esra 2:61-62 waar ons herinner word hoedat die priesters in detail moes kon bewys dat hulle van die regte afstamming was, anders mog hulle nie diens doen as priester nie. Dit was nie waar van Melgisedek nie: dit was nie nodig dat hy sy geslagsregister moes wys nie – hy was deur God aangestel. En soos ons al gesien het, is die Seun van God ook direk deur God aangestel beide as Koning en as Hoëpriester: Tydens Sy doop is Hy aangestel as Hoëpriester, en op die berg van verheerliking as Koning.

Kan ek saamvat: Melgisedek was priester en koning. Sedert Melgisedek was dit nooit weer in die Ou Testament waar dat een persoon beide priester en koning was in Israel nie – tot die Seun gekom het: Hy was en is Priester en Koning. In Heb 1 het die skrywer Hom al beskryf dat Hy na Hy reiniging van sondes bewerkstellig het, gaan sit het aan die regterhand van God in die hoë hemel en dat Hy alle dinge deur Sy magswoord in stand hou – dit is tog 'n beskrywing van die Seun as die ware Priesterkoning. Boonop was Melgisedek koning van geregtigheid en ook koning van vrede. In Rom 5:1 lees ons: “Omdat ons uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus” (OAV). Die Seun is tog die Een wat geregtigheid kom bewerk het, en die resultaat is dat daar vrede is met God vir die wat in Hom glo – Hy kan met reg beskryf word as die Koning van geregtigheid en van vrede – soos Melgisedek. Soos Melgisedek nie priester was omdat hy 'n sekere afstamming gehad het nie, maar eerder omdat hy deur God aangestel was, so is die Seun deur God self vanuit die hemel aangestel as Koning en Hoëpriester. Soos wat Melgisedek voortdurend priester

en koning was en ons niks weet van hoe hy sy priesterskap of koningskap verloor het nie, so is die Seun van God ook vir ewig Priester en Koning. Met reg kan ons dus die gevolgtrekking maak: Melgisedek was 'n Ou Testamentiese tipe van Jesus, die Seun van God.

Die priesterorde van Melgisedek is verhewe bo die Levitiese priesterorde (Heb 7:4-10)

Vers 4 begin met 'n oproep om te let op hoe groot Melgisedek was. Die doel van die skrywer in verse 4-10 is juis om uit te lig dat Melgisedek as priester verhewe was bo die Levitiese priesters. Uit verse 1-3 het ons sopas geleer dat Melgisedek 'n Ou Testamentiese tipe was van Jesus. In Heb 6:20, 5:10 en in Ps 110:4 het ons ook al geleer dat Jesus Hoëpriester is volgens die priesterorde van Melgisedek. As die skrywer nou kan aantoon dat die priesterorde van Melgisedek 'n meer verhewe priesterorde is as die Levitiese priesterorde, en as die Seun van God die antitipe is van Melgisedek, moet dit beteken dat Jesus die mees verhewe Hoëpriester is van al die priesters en hoëpriesters.

Ek wil drie argumente uitlig waarmee die skrywer wil bewys die orde van Melgisedek is meer verhewe as die Levitiese orde:

- Lees verse 4-6a, en 9-10. Die eerste argument van die skrywer handel oor die gee van tiendes. Hy begin deur uit te lig dat Abraham aan Melgisedek 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. Maar let op hoe Abraham beskryf word: Hy is die stamvader, oftewel die aartsvader (OAV). Ons weet tog dat Abraham 'n besondere rol gespeel in God se raadsplan. Uit sy nageslag het die volk Israel gespruit. Hy is die een aan wie God die verbondsbeloftes gegee het, en dit selfs met 'n eed beloof het (Heb 6:13-15). In die Nuwe Testament word dit duidelik dat Abraham selfs die vader is van al die gelowiges. En tog gee Abraham aan Melgisedek 'n tiende van die oorlogsbuit. Die skrywer gaan voort en sê ons moet dit vergelyk met die gebruik van die Levitiese priesters: Hierdie priesters het die reg om tiendes in te samel van die volk. Uit die Ou Testament is dit duidelik dat die volk die tiendes aan die Leviete moes gee, en die Leviete het op hulle beurt uit hierdie tiendes weer 'n tiende aan die priesters gegee. Maar die volk, die Leviete en die priesters was almal deel van die nageslag van Abraham. As jy die pad van die tiendes volg, gee dit vir jou 'n sekere aanduiding van verhewendheid: Die Leviete is meer verhewe as die volk, daarom gee die volk tiendes aan die Leviete. Die priesters is meer verhewe as die Leviete, daarom gee die Leviete tiendes aan die priesters. Maar Abraham is meer verhewe as die priesters, die Leviete en die volk – want hulle stam van hom af. Melgisedek is egter nog meer verhewe as Abraham – want Abraham het 'n tiende gegee aan Melgisedek. En daarom moet jy die gevolgtrekking maak dat Melgisedek meer verhewe is as enige van die Levitiese priesters. Op sy beurt was Melgisedek egter maar net 'n tipe van die Seun van God. Daarom is die Seun van God meer verhewe as Melgisedek, en is hy Hoëpriester van 'n hoër priesterorde as die Levitiese priesterorde. In verse 9-10 onderstreep die skrywer hierdie argument as hy sê dat Levi effektief deelgeneem het aan die tiende wat Abraham aan Melgisedek gegee het, want Levi was op daardie stadium nog in die liggaam van die stamvader Abraham.
- In verse 6b-7 vind ons die tweede argument van die skrywer. Toe Abraham destyds vir Melgisedek ontmoet het, het Melgisedek vir Abraham geseën. Ons weet wat die inhoud van die seën was uit Gen 14:19-20: “Mag Abraham geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee”. Vers 7 leer dit is onbetwisbaar duidelik dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word. Dink byvoorbeeld aan Jakob wat op sy sterfbed sy seuns seën. Hy is tog hulle meerdere – daarom seën hy hulle. Of dink aan Num 6:22-26 waar die Here deur Moses aan Aäron en sy seuns die opdrag gegee het dat hulle as priesters die volk moet seën

met die woorde: “Die Here sal jou seën en jou behoed, die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en jou genadig wees, die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee”. Die priesters, as meerderes, seën die volk, as minderes. Die feit dat Melgisedek vir Abraham geseën het, is dus bewys dat hy Abraham se meerdere was (onthou: Melgisedek was priester van God die Allerhoogste). Abraham was op sy beurt die meerdere van die Levitiese priesters, want hy is hulle stamvader. Daarom is Melgisedek meer verhewe as die Levitiese priesters. Melgisedek was op sy beurt egter slegs ‘n tipe van die Seun van God. Die Seun van God is dus meer verhewe as Melgisedek, en nog meer verhewe as enige Levitiese priester of hoëpriester.

- Die derde rede word vir ons in vers 8 gegee. Natuurlik was al die Levitiese priesters net sterflike mense, en daarom was hulle maar net vir ‘n beperkte periode priesters. Trouens, soos wat ons vroeër gesien het, was hulle nie eens aktiewe priesters vir hulle hele lewe nie: hulle het op ‘n ouderdom van 25 eers hulp begin gee aan die ander priesters, en was aktiewe priesters net vir die periode tussen 30 en 50 jaar oud. Daarteenoor is daar geen aanduiding dat die priesterskap van Melgisedek ooit opgehou het nie. Hy was voortdurend priester. Gevolglik is hy ‘n meer verhewe priester as die Levitiese priesters. Vergelyk dit met die Seun van God: Volgens Heb 6:20 en volgens Ps 110:4 is Hy Hoëpriester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek. Ja, ons weet dat sekere aspekte van Sy Hoëpriesterlike werk eenmalig was en reeds afgehandel is – Hy het eenmaal as Hoëpriester die volmaakte offer gebring en daarom is geen verdere offers meer nodig nie. Maar daar is ook Sy voortgaande werk as Hoëpriester: Hy sit tans aan die regterhand van God waar Hy voortdurend as ons Hoëpriester vir ons intree by die Vader (Rom 8:34). Weereens: Melgisedek is dus verhewe bo die Levitiese priesters. Maar Melgisedek was bloot ‘n tipe van die Seun van God – daarom is die Seun van God meer verhewe as Melgisedek, en nog meer verhewe as die Levitiese priesters en hoëpriesters.

Kan ek ook nog die opmerking maak: Die feit dat Melgisedek ‘n tipe van die Seun was, en die feit dat Melgisedek meer verhewe was as die Levitiese priesters, beteken nie dat die Levitiese priesters en hoëpriesters nie ook ‘n tipe van die Seun van God was nie. Die doel van die argument hier aan die begin van Heb 7 is net dat die skrywer en dus die Heilige Gees vir ons wil leer hoe verhewe die Seun is – soos wat hy vroeër in die boek al geredeneer het dat die Seun verhewe is bo die engele en bo Moses. Maar al is daar verskille in verhewendheid, is daar ook steeds ooreenkomste tussen die rol van Melgisedek en die Levitiese priesters – soos ons byvoorbeeld gesien het dat altwee die verantwoordelikheid gehad het om te seën. Ons kan steeds van die Hoëpriesterlike werk van die Seun leer deur na die Levitiese hoëpriesters te gaan kyk – want hulle is ook steeds tipes van die Seun, al is hulle minder verhewe as Melgisedek. Maar ons moet verstaan dat die Seun ver verhewe is bo hulle, en soos wat ons in ons verdere bestudering van die hoofstuk sal sien, was daar ook baie beperkings in hulle rol – wat nie waar is van die Seun se rol as Hoëpriester nie.

Toepassings:

Kan ek drie punte van toepassing maak:

- Let opnuut weer daarop hoe die Bybel as ‘n geheel funksioneer, hoe belangrik dit is dat ons beide die Ou en Nuwe Testament moet lees om God se volle openbaring te verstaan. Ek is oortuig die meeste van ons sou oor daardie 3 verse in Gen 14 wat handel oor die ontmoeting tussen Melgisedek en Abraham gelees het sonder om twee keer daaroor te dink. Dit sou vir ons lyk na detail wat eintlik onnodig is en nie werklik groot betekenis het nie. Dit is eers as die Hebreërskrywer vir ons begin verduidelik wat die inhoud daarvan is, dat

ons daarvoor begin dink en die wonder begin raaksien. In die dae van Abraham het die Here alreeds die geskiedenis so gestuur dat Hy dit later kon gebruik om vir ons te wys hoe verhewe die Seun as Hoëpriester, en ook as Koning, is. God se plan staan vas alreeds van voor die skepping af, en Hy wil dat ons dit sal raaksien. Trouens, Hy wil selfs dat ons insae in Sy plan sal hê en ons daarin verlustig. Maar dit vra dat ons ons met ywer daarop moet toelê – soos wat die Hebreërskrywer sy lesers opgeroep het in die voorafgaande gedeeltes. Mag ons ons ook steeds met ywer hierop toelê.

- Melgisedek was beide priester en koning. In die res van die Ou Testament was hierdie twee rolle verdeel tussen verskillende persone. Ek glo ten minste een rede hiervoor was dat God vir ons die noodsaaklikheid van beide rolle duidelik wou verduidelik deur hulle tydelik van mekaar te skei. Maar uit Melgisedek as tipe moes ons al raakgesien het dat hierdie rolle eventueel in een persoon sou realiseer. Natuurlik is dit wat gebeur het met die koms van die Seun. Soos ons al vroeër opgemerk het, het God twee keer tydens Jesus se lewe hier op aarde uit die hemel aangekondig dat Hy Sy Seun is: eenkeer met Sy doop, waar die Seun aangestel is as Hoëpriester, en die ander keer tydens Sy verheerliking op die berg, waar Hy aangestel is as Koning. En dit is verstommend om te dink oor hoe hierdie twee rolle mekaar aanvul. Dink maar aan die Jesus aan die kruis: Enersyds is Hy daar as Hoëpriester wat Homself offer as eenmalige en volmaakte offer vir ons sondes. Andersyds is Hy daar as Koning in 'n geweldige stryd teen die satan, vir wie Hy natuurlik oorwin. Daarna vaar Hy op na die hemel en gaan sit aan die regterhand van die Vader, by wie Hy vir ons voorspraak doen as Hoëpriester, en Hy is ook daar as Koning van waar Hy alle dinge deur sy magswoord in stand hou. Die aanloop hiernatoe het alreeds by Melgisedek begin. En die verstommende is die volgende: Ons, gelowiges, is ook priesters en konings: I Pet 2:9 sê ons is 'n koninklike priesterdom, Op 1:6 sê Jesus het ons priesters en konings gemaak. Ons het 'n rol om onself aan God te offer, en om saam met Hom te regeer. Ons moet erns maak met beide.
- Melgisedek was koning van geregtigheid en koning van vrede. As hy 'n tipe was van die Seun, beteken dit dat die Seun ook die Een is wat geregtigheid en vrede bewerk. Hierdie twee, geregtigheid en vrede, gee ons 'n besondere insig in die wese van God. Alhoewel die mensdom hulle rug op God gekeer het, alhoewel God se geregtigheid geëis het dat Hy die mensdom moet uitwis, het Hy in Sy genade dit gewil dat Sy Seun sal kom om hierdie straf te dra, en om in die proses geregtigheid te bewerk vir die mense wat hulle vertroue in Hom stel. Die resultaat van hierdie geregtigheid wat Hy vir hulle bewerk het, is dat hulle vrede met God sal hê. Soos wat Rom 5:1 sê: "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus". Hy is voorwaar Koning van geregtigheid en Koning van vrede. En Hy het dit bewerk as Hoëpriester, ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.